

**SEKERE REGS- EN REGSVERWANTE ASPEKTE VAN BELANG VIR DIE  
KLEINSAKEONDERNEMER**

**deur**

**COUZETTE NOVELLA**

**ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad**



**aan die**

**FAKULTEIT EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE  
RANDSE AFRIKAANSE UNIVERSITEIT**

**STUDIELEIER : PROF W M CONRADIE**

**VERKLARING**

Hiermee verkaar ek,

**COUZETTE NOVELLA**

dat hierdie skripsie getiteld

**SEKERE REGS- EN REGSVERWANTE ASPEKTE VAN BELANG VIR DIE  
KLEINSAKEONDERNEMER**

'n oorspronklike werkstuk deur my is en dat dit nog nie voorheen na die beste van my wete as skripsie, verhandeling of proefstuk by enige ander universiteit ingedien is nie.

---

C NOVELLA

---

DATUM

## **HOOFSTUK 1**

### **Inleiding, probleemstelling en doel van die studie**

1.1	Agtergrond en probleemstelling	1
1.2	Doelwit van die studie en dokumentuitleg	3
1.3	Navorsingsmetodiek	5

## **HOOFSTUK 2**

### **Opening van 'n onderneming**

2.1	Inleiding	6
2.2	Alleeneienaars	7
2.3	Vennootskappe	10
2.4	Beslote Korporasies	17
2.5	Maatskappye	23
2.6	Slotsom	27



## **HOOFSTUK 3**

### **Sluit van ooreenkomste in die normale loop van besigheid**

3.1	Inleiding	29
3.2	Skriftelike ooreenkomste en fyndruk in die algemeen	30
3.3	Verskillende tipes ooreenkomste	
3.3.1	Huur van 'n perseel	32
3.3.2	Huur, huurkoop en afbetalingsverkoopsooreenkomste	34
3.3.3	Borgooreenkomste	35
3.3.4	Handel in goedere en dienslewering	38
3.3.5	Personeel indiensnemingsooreenkomste	41
3.3.6	Konsessie ooreenkomste	45

3.4	Slotsom	48
-----	---------	----

## **HOOFSTUK 4**

### **Ontbinding van die sake-onderneming**

4.1	Inleiding	49
4.2	Ontbinding van die vennootskappe	50
4.3	Ontbinding van beslote korporasies	53
4.4	Ontbinding van maatskappye	57
4.5	Slotsom met spesifieke verwysing na "positiewe" likwidasië	60

## **HOOFSTUK 5**

5.1	Slotsom	62
-----	---------	----



## **ABSTRACT**

The aim of this study is to summarise and briefly comment on certain legal and closely related aspects of importance to the small business person.

To be successful in the business environment where competition is ever increasing, the small business person has to rely on various skills and knowledge, inter alia knowledge of basic financial management, strategic management, marketing management, knowledge of his product or service and his specific clients. Necessary knowledge often overlooked is a basic knowledge of the legal system and process which is essential to the small business person's success in his business. Ignorance in this respect often leads to substantial losses and even closure.



This study summarises certain of the more important legal issues of which the small business person should be aware and concentrates on three distinct areas, namely:

- a) The opening and registration of the business with specific reference to the business entities under which such business can be operated with the advantages or disadvantages of each of such entities;
- b) The daily operation of such business with specific reference to agreements which the small business person are likely to enter into; and
- c) The liquidation of the business with specific reference to the liquidation process, be that as a result of failure or as a harvesting mechanism where the business is sold.

Each of the areas abovementioned are discussed in theory and with reference to either specific case law or examples of every day occurrences to indicate the seriousness of possible ignorance of the various issues discussed.



## HOOFSTUK 1

### INLEIDING PROBLEEMSTELLING EN DOEL VAN DIE STUDIE

#### 1.1 AGTERGROND EN PROBLEEMSTELLING

Die titel van hierdie studie is "sekere regs- en regsverwante aspekte van belang vir die kleinsakeondernemer". In die studie word daar spesifiek verwys na die regs- en regsverwante aspekte in verskillende stadia van enige kleinsakeonderneming, naamlik:

- Oprigting van 'n sakeonderneming.
- Daaglikse bedryf van 'n sakeonderneming.
- Likwidاسie of beëindiging van 'n sakeonderneming.

'n Entrepreneur word in die verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (*Odendaal red; 1979 : 205*) omskryf as "oprigter van 'n sakeonderneming; ondernemer wat iets organiseer en bestuur; 'n nuwe rigting inslaan", in die Oxford woordeboek (*Sykes red; 1975 : 406*) as "person in effective control of a commercial undertaking; one who undertakes a business or enterprise with chance of profit or loss; contractor acting as intermediary" en deur *Carland & Carland (1989 : 14)* as "an individual who establishes and manages a business for the principal purposes of profit and growth."

Die kleinsakeondernemer word omskryf as *"an individual who establishes and manages a business for a principal purpose of furthering personal goals. The owner perceives the business as an extension of his or her own personality, intricately bound with personal and family needs and desires."* (Carland & Carland; 1989 : 15)

So 'n individu (entrepreneur of 'n kleinsakeondernemer), benodig 'n basiese kennis van 'n legio aspekte, byvoorbeeld basiese finansiële-, bemarkings- en strategiese beplanningskennis en basiese kennis van makro en mikro ekonomie. Alhoewel dit vir die kleinsakeondernemer uiters belangrik behoort te wees om ook 'n basiese regs-kennis en agtergrond te beskik, is dit een van die aspekte van kleinsakeondernemerskap wat gewoonlik afgeskeep word. Dit blyk uit die verskeie praktiese voorbeelde waarna in hierdie studie verwys sal word.

Vele van 'n kleinsakeondernemer se probleme het as oorsprong 'n wanbegrip van die regsaspekte met betrekking tot die sekere probleem, alternatiewelik 'n totale onbewustheid van moontlike gevolge van aanvanklike aksies en besluite deur die kleinsakeondernemer geneem. Van die gevolge sal in die loop van hierdie studie spesifiek uitgelig word aan die hand van die voorbeelde.

Indien die kleinsakeondernemer 'n basiese kennis van die reg en van regsverwante aspekte het, behoort dit in samehang met al die ander legio aspekte soos hierbo vermeld, by te dra tot die suksesvolle bestuur van 'n sakeonderneming.

Ten minste behoort die kleinsakeondernemer bewus te wees van die "regsslaggate" waarin hy mag val en die feit dat hy waarskynlik in sekere omstandighede weens die



kompleksiteit van die regsprobleem van die hulp van 'n professionele persoon gebruik sal moet maak. *"Since all business is regulated by law, the entrepreneur needs to be aware of any regulations that may affect his or her new venture. At different stages of the start-up, the entrepreneur will need legal advice ..... Awareness and sensitivity to legal questions are also important to entrepreneurs ..... By being aware of when and what legal advice is required, the entrepreneur can save time and money"* (Hisrich & Peters; 1995 : 487).

Meeste kommersiële litigasie het as bron, besluite wat deur besigheidslui geneem is (insluitende die kleinsakeondernemer) sonder inagneming of begrip van die regsimplikasies daaraan verbonde. *"Business, including small firms, are being sued on an ever increasing basis"* (Carland & Carland; 1989 : 641). Hierdie stelling sal weer eens gestaaf word uit voorbeelde na verwys in hierdie studie.

## 1.2 DOELWIT VAN DIE STUDIE EN DOKUMENTUITLEG

Die doelwit van hierdie studie is, inaggenome die belang van regs- en regsverwante beginsels van die kleinsakeondernemer, om sekere van die regsaspekte en regsverwante aspekte wat vir die kleinsakeondernemer belangrik behoort te wees en wat vir die kleinsakeondernemer nuttig kan wees in die oprigting van 'n sakeonderneming, daaglikse bedryf van 'n onderneming en moontlike likwidasië of beëindiging van 'n sakeonderneming in een dokument te vervat en aan die hand van praktiese voorbeelde te boekstaaf. Dit is vir doeleindes van hierdie studie onmoontlik om alle regsverwante aspekte aan te raak aangesien die moontlike regsaspekte waarmee die kleinsakeondernemer in aanraking kan kom, legio is en byna elke veld

van die reg dek byvoorbeeld patentereg, belastingreg, reg met betrekking tot wissels en tjeks, strafreg en dan natuurlik ook die regsprosesse, sou die kleinsakeondernemer in litigasie van enige aard betrokke raak. Die doelwit van hierdie studie is om slegs die mees basiese en ooglopende regs- en regsverwante aspekte te bespreek onder drie groeperings, naamlik:

- In Hoofstuk 2, die oprigting van 'n kleinsakeonderneming met die klem op die voordele, nadele en vereistes van die verskillende besigheidsentiteite en met spesifieke verwysing na die alleeneienaar, die vennootskap, die beslote korporasie en die maatskappy.
- In Hoofstuk 3, die sluit van ooreenkomste in die algemeen in die opening en in die daaglikse bedryf van die sakeonderneming met spesifieke verwysing na tipes ooreenkomste wat die kleinsakeondernemer kan verwag om te sluit, naamlik huurooreenkomste, huur-, huurkoop- en afbetalingsverkoopsooreenkomste, borgooreenkomste, koop en verkoop van goedere en diensleweringsooreenkomste, indiensnemingsooreenkomste en konsessie-ooreenkomste.
- In Hoofstuk 4, die beëindiging van die sakeonderneming met kort beskrywings van die wyses waarop 'n sakeonderneming beëindig kan word, onder andere likwidasie deur die lede, of aandeelhouders en/of direkteure, deur 'n krediteur of deur die hof, geregtelike bestuur en verkoop van die besigheid of gedeeltes van die besigheid.

### 1.3 NAVORSINGSMETODE

Die metode van navorsing behels die boekstaving van die teoretiese regs- en regsverwante beginsels met spesifieke verwysing na praktiese voorbeelde in die vorm van gerapporteerde hofbeslissings, voorbeelde uit die praktyk en kommentaar deur die skrywers.

ooo O ooo



## HOOFSTUK 2

### OPENING VAN 'n ONDERNEMING

#### 2.1 INLEIDING

Een van die eerste en belangrikste besluite wat 'n kleinsakeondernemer sal moet neem, nadat hy besluit het welke tipe besigheid hy wil bedryf, is onder welke vaandel hy/sy die besigheid sal wil bedryf, met ander woorde as welke besigheidsentiteit:

- a) as 'n alleeneienaar
- b) as 'n vennootskap
- c) as 'n beslote korporasie; of
- d) as 'n maatskappy



Die besluit sal vir die kleinsakeondernemer uiteraard makliker wees as die kleinsakeondernemer verstaan wat die verskillende entiteite behels, hoe elkeen van die entiteite die kleinsakeondernemer se persoonlike aanspreeklikheid raak en wat die voordele en nadele van 'n elk van die besigheidsentiteite behels. *"One of the most important decisions confronting a person setting out to conduct business on a full time basis is the choice of the appropriate legal form for the enterprise. Such decision will inter alia be based on considerations concerning the attributes of each entrepreneurial form as well as the advantages and drawbacks as determined by statute and common law ...."* (Cilliers et al; 1993 : vii). Carland & Carland (1989 : 316) vermeld dat die aanloop wat geneem word in die opening van 'n onderneming van belang is omdat hierdie aanvanklike aanloop die kleinsakeondernemer volg regdeur die fases van die

onderneming. Ferrel & H Hirt (1993 : 112) stem ook hiermee saam *"The legal form of ownership taken by a business seldom concerns you as a customer. When you eat in a restaurant, you probably don't care whether it is owned by one person (a sole proprietorship), two or more people (a partnership) or a group of stockholders (a corporation); all you want is good food. Nonetheless, a business's legal form of ownership affects how it operates, how much tax it pays, and how much control its owners have"*. Die voor- en nadele van elke keuse sal vir doeleindes van hierdie studie aan die hand van praktiese voorbeelde uitgelig word.

## 2.2 ALLEENEIENAARS

Die alleeneienaar sakeonderneming word bestuur met die volle persoonlike risiko van die eienaar wie se boedel aanspreeklik is vir al die verskuldighede van die besigheid. Hierdie tipe besigheid word bedryf waar daar gewoonlik slegs een "eienaar" is en die persoon nie 'n regsenteit as sulks registreer nie.

Die statutêre vereistes met betrekking tot enkel-eienaarskap is beperk en daar word nie van die alleen-eienaar verwag om byvoorbeeld finansiële state voor te berei of sy besigheid te registreer nie (behalwe natuurlik die normale beginsels wat geld vir belasting doeleindes).

Uit 'n regstegniese oogpunt is dié tipe entiteit makliker om te beheer en is die voordele basies dat:

- byna geen voorskriftelike statutêre vereistes anders as vereistes in die normale

loop van besigheid (byvoorbeeld registrasie vir BTW) bestaan nie, (so byvoorbeeld bestaan daar nie vereistes vir indiening van finansiële jaarstate en voorgeskrewe jaarlikse vergaderings nie); en

- die kleinsakeondernemer hoef nie vooraf deur 'n formele registrasieproses van sy besigheid by die Maatskappy Registrasiekantore te gaan nie.

Die enigste en grootste nadeel uit 'n regsoogpunt is uiteraard die persoonlike aanspreeklikheid van die kleinsakeondernemer.

Die kleinsakeondernemer is in sy eie persoonlike hoedanigheid aanspreeklik vir alle verskuldighede van sy sakeonderneming. Dit kan beteken dat indien daar 'n verskuldigheid ontstaan in die loop van die besigheid, dit inderwaarheid die aanspreeklikheid van die individu is. Die individu kan dus sy persoonlike bates soos byvoorbeeld sy huis en sy meublement verloor sou 'n krediteur deur die verkryging van vonnis die verskuldigheid invorder.

Verskuldigheid soos hierbo vermeld dui nie net op finansiële verskuldigheid wat voortspruit uit byvoorbeeld goedere verkoop en gelewer nie, maar kan veel wyer strek, byvoorbeeld:

- aanspreeklikheid teenoor 'n werknemer van die sakeonderneming wat beseer word in die uitvoering van sy pligte, welke koste nie deur werkliede skadeloosstelling gedek word nie;

- verskuldigheid wat veroorsaak is deur nalatigheid van die kleinsakeondernemer of 'n werknemer wat skade veroorsaak vir 'n derde of vir 'n kliënt, byvoorbeeld as 'n derde op 'n nat vloer in die perseel gly en beseer word;
- kriminele aanspreeklikheid;
- aanspreeklikheid wat vòlg ingevolge arbeidswetgewing vir byvoorbeeld onregmatige beëindiging van diens van 'n werknemer.

Betreffende algemene vereistes vir 'n alleeneienaaronderneming, moet hierdie vorm van besigheid, soos ook alle ander vorme van besigheid soos uiteengesit deur Cilliers (1993 : 5), ook geregistreer word by:

- die Ontvanger van Inkomste vir doeleindes van:
  - a) inkomstebelasting aftrekkings en oorbetalings aan die Ontvanger van Inkomste van bedrae vir inkomstebelasting deur werknemers;
  - b) BTW as die omset van die besigheid sodoende groot genoeg is om vir BTW aanspreeklik te wees.
- die Departement van Mannekrag met betrekking tot:
  - a) Werkloosheidsversekering

b) Werkliede-skadeloosstelling

- Plaaslike Streeksdiensterade vir betaling van die aangewese maandelikse bedrae.
- Verder ook sal die individu moet registreer vir 'n spesiale lisensie in gevalle waar die besigheid byvoorbeeld bedryf word as:
  - a) die verkoop en verskaffing van maaltye of bederfbare goedere;
  - b) die verskaffing van sekere tipes mediese fasiliteite of vermaak;
  - c) verskaffing van alkoholiese drank.

*(Wet 71 : 1991)*

Nie-nakoming van bovermelde kan lei tot kriminele aanspreeklikheid, boetes, ensovoorts.

### 2.3 VENNOOTSKAPPE

'n Vennootskap het die volgende kenmerke:

- Minimum van twee vennote en 'n maksimum van 20 vennote (*Artikel 30(1) : Wet 61 van 1973*).



- 'n Gemeenskaplike doelwit vir die verkryging van materiële voordeel. (Met ander woorde 'n vennootskap kan nie gestig word met 'n nie-winsgewende doelwit soos byvoorbeeld vir kultuur of vir bevordering van kuns of liefdadigheid nie).
- Vennote werk saam as gelykes met die doelwit om wins te maak en die wins te verdeel.
- 'n Vennootskap het geen regspersoonlikheid nie. Dit is slegs 'n kontraktuele assosiasie van persone. Dieselfde gevolge van persoonlike aanspreeklikheid vir die individu as hierbo vermeld met betrekking tot die alleeneienaar geld ook in die geval van 'n vennootskap. Met ander woorde, vennote is in hulle persoonlike hoedanighede aanspreeklik vir die verskuldigdheid van die vennootskap. So byvoorbeeld as die vennootskap gesekwestreer word, word die vennote se individuele boedels ook gesekwestreer. Dit het dan ook so gebeur in die saak van *S A Leather (Edms) Bpk vs Main Clothing Manufacturers (Edms) Bpk 1958 (2) O118* waar, tydens 'n aansoek vir die sekwestrasie van 'n vennootskap, daar beslis is dat die individuele vennote se boedel ook gesekwestreer moes word.
- 'n Vennootskap word gestig deur 'n vennootskapsooreenkoms, geen formaliteite word gestel met betrekking tot die ooreenkoms nie, die ooreenkoms hoef nie op skrif te wees nie en kan mondelings of selfs stilswyend (deur gedrag) tot stand kom.

- Geen registrasie van 'n vennootskap is nodig nie.

Die regsraad van 'n vennootskap is die volgende:

- Sou een vennoot die vennootskap verlaat, ontbind die totale vennootskap en moet 'n nuwe vennootskapsooreenkoms gesluit word, met ander woorde kom 'n nuwe vennootskap tot stand.
- Omdat die vennootskap nie 'n regspersoonlikheid het nie, kan die vennootskap nooit die eienaar van bates wees nie en die vennote in hulle persoonlike hoedanigheid is aanspreeklik vir die verantwoordelikhede van die vennootskap. Met ander woorde, 'n krediteur van 'n vennootskap kan die skulde van die vennootskap en van die vennote in hulle persoonlike hoedanigheid verhaal.
- Alhoewel dit nie 'n vereiste is dat die vennootskapsooreenkoms in skrif hoef te wees nie, is daar tog sekere vereistes waaraan so 'n ooreenkoms moet voldoen, om 'n geldige ooreenkoms te wees. (*Cilliers; 1993 : 42*); (*De Wet & Van Wyk; 1979 : 382 ev*). Die volgende is sulke vereistes:
  - a) Alle partye tot die ooreenkoms moet die bevoegdheid hê om hulself kontraktueel te kan verbind, byvoorbeeld hulle moet meerderjarig wees en nie insolvent nie.
  - b) Daar moet 'n ooreenkoms wees en die kontrak moet regsgeldig

wees, maar daar moet primêre wilsooreenstemming by die partye bestaan (as vennoot A oortuig is dat hy met vennoot B in 'n vennootskap tree, maar vennoot B is van mening dat dit 'n indiënsnemingsooreenkoms is, is daar nie 'n vennootskapssooreenkoms nie).

- c) Dit moet moontlik wees om te kan presteer in terme van die ooreenkoms. As vennoot A dus belowe om as bydrae tot die vennootskap 'n spesifieke gebou beskikbaar stel om die besigheid te bedryf en die gebou bestaan nie of behoort aan 'n derde waarvoor vennoot A nie beheer het nie, kan vennoot A nie presteer nie.

Dit is uiteraard altyd beter om so 'n ooreenkoms in skrif te vervat. Menige vennootskappe moes al as finale uitweg hulself tot hofgedinge wend met betrekking tot dispute oor wat presies die reëling en ooreenkoms tussen die vennote was. So 'n konfrontasie is duur wat regs-kostes betref en is nie die moeite werd vir die kleinsakeondernemer uit 'n besigheidsoogpunt nie.

Spesifiek met betrekking tot vennootskapssooreenkomste geld die volgende essentialia, met ander woorde dit waarsonder 'n vennootskapssooreenkoms nie kan bestaan nie (*De Wet & van Wyk; 1978 : 383 ev*):

- Die doelwit van die vennootskap moet wees om wins te maak.

- Die besigheid van die vennootskap moet hanteer word vir die gemeenskaplike voordeel van die vennote.
- Elke vennoot moet bydra tot die vennootskap.

Indien die bogemelde nie aanwesig is nie, is daar nie 'n geldige vennootskapsooreenkoms nie.

Die natuurlike gevolge met betrekking tot 'n vennootskaps-ooreenkoms wat ook die voordele en nadele van so 'n entiteit behels, is die volgende:

- Die verdeling van wins : Die verdeling van wins kan gereël word tussen die partye soos onderling ooreengekom tussen die partye. Indien dit nie gereël is nie (byvoorbeeld ingevolge 'n skriftelike ooreenkoms) lei dit gewoonlik tot 'n situasie waar 'n hof op die ou end die situasie moet interpreteer aan die hand van die bestaande feite en indien dit nie vir 'n hof moontlik is om vas te stel wat die insette van elke vennoot is nie, kan die hof beslis dat die inkomste/bates gelykop verdeel word. So het die hof byvoorbeeld in *Isaacs vs Isaacs 1949 (1) SA 952* bevind dat dit onmoontlik was om die insette van die vennoot te bereken en het die hof beslis dat die bates gelykop verdeel moes word. Dit kan die onregverdige gevolg hê dat een vennoot daadwerklik meer bygedra het, byvoorbeeld deur meer tyd in die vennootskap te spandeer, maar dat hy dit nie kan bewys nie met die gevolg dat sy gedeelte van die gesamentlike bates dieselfde is as die van die ander vennoot wat 'n mindere

bydrae gemaak het. In dieselfde saak moes die hof ook beslis of daar enigsins 'n vennootskapsooreenkoms bestaan het aangesien daar geen skriftelike bevestiging daarvan was nie.

- Die verhouding waarin skuld verdeel word : Indien daar nie 'n spesifieke ooreenkoms is nie, is die natuurlike reël dat die vennote aanspreeklik is vir die netto verlies in dieselfde proporsie as wat hulle wins uit die vennootskap sou ontvang. Wat egter ookal die onderlinge reëling van die vennote is, 'n skuldeiser kan vir die hele bedrag voortgaan teen enige van die vennote na alle vennootskappe en al wat die vennoot het is 'n verhaalsreg teenoor sy mede-vennoot.
- Die mag van verteenwoordiging : Indien dit nie anders spesifiek gereël is nie, het elke vennoot die reg om die vennootskap te verteenwoordig in die sluit van ooreenkomste, maar indien dit nie tussen die vennote ooreengekom is dat beide vennote (as daar twee vennote is) moet ooreenstem en saam 'n ooreenkoms aangaan nie, kan 'n ooreenkoms wat deur vennoot A aangegaan is in die naam van die vennootskap ook op vennoot B afdwingbaar wees.
- Mede-eienaarskap : Omdat 'n vennootskap nie 'n regsentiteit is nie, behoort die bates van die vennootskap nie aan die vennootskap as sulks nie maar aan die vennote. Dit mag egter ooreengekom word dat sekere bates aan uitsluitlike vennote behoort en nie "gemeenskaplike eiendom" is nie.

Die enigste vereiste wat gestel word aan 'n vennootskap is in terme van Artikels 3, 4 en 5 van die Wet op Besigheidsname (Wet 27 : 1960) wat spesifiek vermeld dat 'n vennootskap nie byvoorbeeld 'n katalogus, 'n besigheidsbrief of 'n bestelling vir goedere of 'n staat mag uitstuur sonder dat die spesifieke volgende detail daarop verskyn nie:

- Die naam van die besigheid;
- Plek van besigheid;
- Naam van elke vennoot;
- Die voorname of voorletters van elke vennoot wat die besigheid bedryf tesame met die nasionaliteit van so 'n persoon as die persoon nie 'n Suid-Afrikaanse Burger is nie.

Indien daar nie hieraan voldoen word nie, is dit 'n misdryf en kan die vennote individueel in 'n kriminele aksie skuldig bevind word.

Met betrekking tot 'n vennootskap is dit waarskynlik die heel belangrikste dat die vennote, ten spyte daarvan dat dit nie 'n formele vereiste is dat 'n vennootskapsooreenkoms in skrif moet wees nie, tog maar die aanvanklike moeite doen om die ooreenkoms te boekstaaf.

## 2.4 BESLOTE KORPORASIES

In die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse Korporatiewe Reg is daar beseft dat daar 'n leemte bestaan in die beskikbare besigheidsentiteite, spesifiek gerig op die behoeftes van die kleinsakeondernemer, dat daar 'n behoefte bestaan vir 'n entiteit wat die persoonlike aanspreeklikheid van die individue beperk, maar wat nie so ingewikkeld is om op te rig en te bestuur soos 'n maatskappy nie. Vandaar die Wet op Beslote Korporasies (69 : 1984). Dit was spesifiek voortspruitend uit voorstelle gemaak na die Staande Advieskommittee met betrekking tot Maatskappyereg (*Cilliers; 1993 : 288*). 'n Duidelike bewys van die gewildheid van dié besigheidsentiteit is die aantal beslote korporasies wat gestig is in die eerste ses jaar sedert die inwerkingtreding van die Wet (1 Januarie 1985) naamlik 155 187 en 30 293 omskakelings van maatskappye na beslote korporasies (*Cilliers; 1993 : 12*).

Die doelwitte met betrekking tot beslote korporasies was, en is steeds, om 'n eenvoudige, minder duur en meer buigbare vorm van 'n klein besigheid daar te stel (*Cilliers; 1993 : 12*).

Die spesifieke eienskappe van die beslote korporasie is die volgende:

- Dit bied 'n eenvoudiger en minder duur korporatiewe vorm as byvoorbeeld die maatskappy, vir die enkel kleinsakeondernemer of vir 'n paar kleinsakeondernemers, so byvoorbeeld is die oprigtings- en registrasiekostes verbonde aan 'n beslote korporasie teenoor die van 'n maatskappy aansienliker minder.

- Die beslote korporasie is 'n regs persoon, apart van die lede. Dit het tot gevolg dat sou die beslote korporasie skuld aangaan, sulke verskuldighede in meeste gevalle nie van die lede verhaal sal kan word nie.
- 'n Minimum aantal vereistes geld vir die formasie en administrasie van 'n beslote korporasie.
- 'n Enkele individu kan 'n beslote korporasie stig.
- Geen aandele word uitgereik nie.
- Lede word die grootste moontlike beweegruimte verskaf in die reël van hulle interne verhoudings en bestuur van die beslote korporasie.
- Direkteure hoef nie aangestel te word nie.
- Die risiko vir persoonlike aanspreeklikheid is heelwat minder as vir die alleen-eienaar of 'n vennootskap en die lid sal slegs aangespreek word in sekere gevalle indien hy/sy die vereistes van die Wet op Beslote Korporasies oortree.  
Voorbeelde van sulke oortredings is die volgende:
  - a) as die naam van die beslote korporasie byvoorbeeld op 'n briefhoof of 'n faktuur gebruik word sonder die spesifieke afkorting "BK" in Afrikaans of "CC" in Engels (*Artikels 23 en 63 : Wet 69 : 1984*);



- b) As die beslote korporasie finansiële bystand verleen aan 'n lid vir die aankoop van 'n ledebelang in die beslote korporasie terwyl die beslote korporasie nie solvent is nie. Hier sal die lede, ingesluit die persoon wat die bystand ontvang het, aanspreeklik wees vir die skulde in 'n persoonlike hoedanigheid (*Artikels 39 en 63 : Wet 69 : 1984*);
- c) as daar vir meer as ses maande nie 'n rekenkundige beampte aangestel is nie (*Artikel 63 : Wet 69 : 1984*);
- d) as 'n lid nie sy beloofde kontribusie tot die beslote korporasie maak nie kan die betrokke lid persoonlik aanspreeklik gehou word vir die skulde (*Artikel 63 : Wet 69 : 1984*);
- e) waar die beslote korporasie met growwe nalatigheid of bedrieglik bestuur word (*Artikel 64 : Wet 69 : 1984*). Hier kan 'n hof beslis dat 'n lid wat van die optrede of nalate kennis gedra het, persoonlik aanspreeklik is vir die skulde. Bovermelde is ook 'n kriminele oortreding en die lid of lede kan gevonnissen word tot 'n boete of selfs tronkstraf;
- f) as die beslote korporasie gederegistreer word voor alle verskuldighede gedelg is (*Artikel 26 : Wet 69 : 1984*);

g) waar die lid gediskwalifiseer is in terme van die Wet op Beslote Korporasies om as lid te handel, byvoorbeeld waar die lid voorheen skuldig bevind is aan byvoorbeeld bedrog en gevonnissen is vir ten minste ses maande tronkstraf sonder die opsie van 'n boete (*Artikel 47 : Wet 69 : 1984*). 'n Voorbeeld hiervan word gevind in *Manpro Trawling (Edms) Bpk vs Cencelli 1992 (1) SA 407 CK* waar ene Cencelli skuldig bevind is aan twee klagtes van bedrog met 'n vonnis van R300,00 of 150 dae gevangenisstraf plus 200 dae gevangenisstraf opgeskort vir 5 jaar. Die hof het bevind dat die vonnis Cencelli diskwalifiseer om lid te wees van die beslote korporasie en dat Cencelli persoonlik aanspreeklik is vir die skuld.

- Die rekenkundige vereistes is heelwat minder as vir 'n maatskappy.
- Die beslote korporasie word belas as 'n afsonderlike entiteit.

Die voordele in vergelyking met maatskappye is legio en sluit die volgende in:

- Eenvoudige bestuur (daar is geen afsonderlike raad van direkteure nie).
- Eenvoudigheid van besluitnemingsproses (daar is geen voorgeskrewe jaarlikse algemene vergaderings, ens. nie).
- 'n Beslote korporasie mag, onder sekere omstandighede, die belang van 'n lid

verkry.

- 'n Beslote korporasie kan aandele hou in 'n maatskappy.
- Registrasie van 'n beslote korporasie is relatief maklik en goedkoop en geskied by die Registrateur van Beslote Korporasie in Pretoria.
- Daar word nie statutêr vereis dat die beslote korporasie 'n geoktrooieerde rekenmeester moet aanstel nie maar slegs 'n rekenkundige beampte.
- Registrasie mag voorafgegaan word deur die reservering van 'n voorgestelde naam.



'n Aansoek om registrasie word afgelewer by die Registrateur met die volgende:

- 'n Voltooide Stigtingsverklaring op vorm CK1 in triplikaat met die voorgeskrewe inkomstebelasting seëls.
- Indien die CK1 nie deur die versoekende lid onderteken is nie, 'n spesiale volmag vir ondertekening.
- 'n Skriftelike toestemming van die rekenkundige beampte wat nie 'n geoktrooieerde rekenmeester hoef te wees nie van sy aanstelling.

- Afskrif van vorm CK7 wat spesifiek verwys na die goedgekeurde naamsreservering.

Met betrekking tot ledebelang, die volgende vereistes:

- 'n Beslote korporasie kan gestig word slegs met een lid of met 'n maksimum van tien lede (*Artikel 38 : Wet 69 : 1984*). Slegs natuurlike persone, met ander woord individue mag lede van 'n beslote korporasie wees.
- Ledebehang begin by die datum van registrasie van die beslote korporasie.
- Geen formele register van lede hoef gehou te word nie.
- Sekere transaksies vereis die skriftelike toestemming van 'n iedere en 'n elke lid van die beslote korporasie en dit sluit in die volgende:
  - a) Die aankoop van 'n ledebehang.
  - b) Finansiële bystand met betrekking tot die aankoop van 'n ledebehang.
  - c) Die verskaffing van lenings of die stel van sekuriteit.
  - d) Die aanstelling van 'n rekenkundige beampte.

Gewoonlik word die interne reëlings met betrekking tot die lede gereël deur 'n assosiasie-ooreenkoms, welke ooreenkoms verkieslik op skrif moet wees. Hierdie ooreenkoms kan byvoorbeeld die volgende reël:

- Bestuur van die beslote korporasie.
- Vergoeding van lede.
- Prosedure teen ander lede.
- Stemreg van lede.
- Prosedure met betrekking tot die aankoop/verkoop van ledebelang (byvoorbeeld verkoopreg aan die ander bestaande lede).

Indien dit nie op skrif gestel is of indien die posisie nie duidelik is nie, lei dit gewoonlik tot dispute tussen die lede wat gewoonlik dan deur 'n hof of deur 'n arbiter opgelos moet word, uiteraard tot groot koste van die lede.

## 2.5 MAATSKAPPYE

'n Maatskappy is 'n gevorderde vorm van 'n beslote korporasie en is ook 'n aparte regsenteit anders as die alleen-eienaar of die vennootskap. 'n Maatskappy word geïnkorporeer in terme van die Maatskappywet 1961 van 1973, soos gewysig.

Daar bestaan verskeie vorme van maatskappye, byvoorbeeld:

- 'n publieke maatskappy;  
welke vorm van maatskappy aangedui word deur die woorde "Beperk" na die naam van die maatskappy. Dit behels dat die maatskappy kapitaal kan bekom van die algemene publiek en dat dit aandele kan verkoop aan die algemene publiek. Dit behels ook dat 'n publieke maatskappy aandele op die aandelemark kan verhandel; en
  
- 'n privaat maatskappy;  
welke vorm van maatskappy aangedui word deur die woorde "(Eiendoms) Beperk" na die naam van die maatskappy. (Hierdie is gewoonlik die maatskappy waarvan kleinsakeondernemers gebruik sal maak). Die grootste basiese verskil tussen hierdie tipe maatskappy en die publieke maatskappy is dat die privaat maatskappy nie kapitaal kan bekom deur die verkoop van aandele aan die algemene publiek nie.

Die registrasie van 'n maatskappy is meer kompleks as die registrasie van 'n beslote korporasie en is ook duurder. 'n Maatskappy kom tot stand as gevolg van 'n aansoek deur die stigter na die Registrateur van Maatskappye in Pretoria. Wanneer daar aan al die registrasie vereistes voldoen is, sal die Registrateur die maatskappy uitreik met 'n Sertifikaat van Inkorporasie. Registrasie behels die indiening van die volgende dokumente:

- Memorandum van Assosiasie (dit behels die te boekstaving van die objektiewe (doelwitte) en beperkings van die maatskappy).
- Artikels van Assosiasie (dit behels 'n te boekstaving van die regte, verpligtinge en die magte van die aandeelhouders en direkteure en die wyse waarop die besigheid van die maatskappy bestuur en geadministreer sal word).

Vir registrasie word die volgende dokumentasie benodig:

- 'n Oorspronklike en ten minste twee notarieel gesertifiseerde kopieë van 'n stel Memorandum en Artikels soos bogemelde.
- 'n Vorm CM5 waardeur die maatskappynaam gereserveer word.
- 'n Kennisgewing van die ligging van die maatskappy se geregistreerde kantore op 'n vorm CM22.
- 'n Volmag van elke lid aan die persoon wat die Memorandum onderteken.

'n Maatskappy mag nie begin handel dryf tensy die Registrateur 'n Sertifikaat uitgereik het in die verband nie.

Die hiërargie binne 'n maatskappy sal uiteraard behels die aandeelhouders, 'n besturende direkteur, direkteure, voorsitter van 'n raad van direkteure, bestuurders,

ens., elkeen met 'n aparte en spesifieke regsverpligting binne die hiërargie.

Dit word vereis dat finansiële state op 'n jaarlikse basis voorberei word deur 'n geoktrooieerde rekenmeester (*Artikel 286 ev : Wet 61 : 73*). Die Wet is uiters voorskriftelik oor hoe die finansiële rekords van 'n maatskappy gehou moet word en hoe finansiële state voorberei moet word en die kleinsakeondernemer behoort hierdie voorskrifte pedanties na te kom. Die Wet vereis byvoorbeeld dat 'n eksterne geoktrooieerde rekenmeester jaarliks aangestel word. Die rede hiervoor is weens die feit dat die persone wat beheer uitoefen oor die bestuur van die maatskappy nie altyd die aandeelhouders is nie. *"The dichotomy between those who put up the money and those who run the company, is in my view the main reason for the statutory appointment of an auditor ....."*. Regter Holmes in *Lipschitz & Arron N.W.O. vs Wolpert & Abrahams 1977 (2) SA 732(A) (bladsy 740)*.

Slegs in uitsonderlike gevalle word die aparte regsentiteit van 'n maatskappy nie erken nie, byvoorbeeld:

- 'n Direkteur kan persoonlik aanspreeklik gehou word deur die houër van 'n tjeke van die maatskappy as die vereistes met betrekking tot verskyning van die naam van die maatskappy nie nagekom word nie (*Artikel 50(3) : Wet 71 : 73*);
- In *Robinson v Randfontein Estate Gold Mining Company Limited, 1921 AD 168 (194)*, waar die Appélhof nie die aparte bestaan van 'n maatskappy erken nie op die basis dat die daarstel van die maatskappy 'n poging was van



ontwyking van 'n direkteur se verpligtinge;

- Waar dit by likwidasië blyk dat die direkteure die maatskappy roekeloos of op 'n bedrieglike wyse bestuur het (*Artikel 424 : Wet 61 : 73*).

### **SLOTSOM**

In lig van die bogemelde is dit uiteraard vir die kleinsakeondernemer die heel veiligste, maklikste en goedkoopste om sy besigheid te bedryf onder die vaandel van 'n beslote korporasie. Dit behels dat in normale gevalle en waar die kleinsakeondernemer kennis neem van die bepalinge van die Wet op Beslote Korporasie (69 : 1984) die kleinsakeondernemer nie persoonlik aanspreeklik sal wees vir skulde en ander aanspreeklikhede van die beslote korporasie nie en sy persoonlike boedel dus nie aangeraak kan word sou die beslote korporasie nie suksesvol wees nie. Dit blyk ook dat daar nie naastenby soveel voorskriftelike vereistes soos vir die stigting en hantering van 'n maatskappy is nie.

Hoe dit ookal sy, die korporatiewe vorm van besigheid (beslote korporasie of maatskappy) word verkies bo die entiteit waar die kleinsakeondernemer persoonlik aanspreeklik is. Die opinie word geboekstaaf deur *Carland & Carland (1989 : 325)* "*We believe that the corporate form of business is superior to proprietorships or partnerships. Consequently, we recommend that the corporate form be selected whenever possible*".

Ongelukkig is dit steeds so dat in die finansiële en besigheidswêreld 'n maatskappy veel meer geloofwaardigheid dra as 'n beslote korporasie. Dit grotendeels weens die misbruik wat bestaan met betrekking tot beslote korporasies waar veral krediteure gewoonlik groot verliese

ly weens die oornag verskuiwing van bates van een beslote korporasie na 'n ander sonder om skuldeisers in ag te neem of bloot net die sluit van besigheid.

Derhalwe word daar gewoonlik, wanneer daar met beslote korporasies besigheid gedoen word, vereis dat die lede van sodanige beslote korporasies persoonlik aanspreeklikheid aanvaar en borg staan vir die skulde van die beslote korporasie wat dus dan die grootste voordeel met betrekking tot beslote korporasies teenvoeter. Indien die kleinsakeondernemer dus wil gebruik maak van 'n beslote korporasie of 'n maatskappy om sy eie blootstelling en risiko te vermy of te beperk, moet hy vir sover as wat dit moontlik is nie persoonlik borg teken vir die aanspreeklikheid van sy sakeonderneming nie.

ooo O ooo



## **HOOFSTUK 3**

### **DIE SLUIT VAN OOREENKOMSTE IN DIE NORMALE LOOP VAN BESIGHEID**

#### **3.1 INLEIDING**

Sodra die kleinsakeondernemer die eerste belangrike besluite geneem het, met ander woorde onder andere van welke besigheidsentiteit hy gebruik wil maak, volg verskeie ander besluite en handeling met die oog op die opening en bestuur van die besigheid. Uit 'n regstegniese oogpunt is die mees belangrikste hiervan waarskynlik die sluit van verskeie ooreenkomste. Die kleinsakeondernemer besef gewoonlik nie op hoeveel geleentheid hy in ooreenkomste tree in die opening en bedryf van sy besigheid nie, al is die ooreenkomste informeel (byvoorbeeld 'n ooreenkoms wat bloot op vertroue en 'n handskud gesluit word).

Besigheidshandeling waar daar dan ooreenkomste gesluit sal word, is byvoorbeeld om 'n besigheidsperseel te bekom, sekere masjinerie en benodigdhede vir die dryf van handel te bekom, finansiering te reël by banke, byvoorbeeld 'n oortrokke fasiliteit, 'n persoonlike lening of die afbetaling van die aankoop van bates. Al die bovermelde sluit die waarskynlike ondertekening van ooreenkomste in.

Gewoonlik word hierdie ooreenkomste nie met veel erns deur die kleinsakeondernemer betrag nie, veral omdat die kleinsakeondernemer gretig is om so spoedig as moontlik met besigheid te begin en gewoonlik nie in 'n posisie is om te kan kibbel oor die fyndruk van sulke ooreenkomste nie. Dit gebeur ook in die loop

van die besigheid waar die kleinsakeondernemer begerig is om besigheid te bekom, dat die kleinsakeondernemer nie behoorlik ag slaan op die bepalinge van die ooreenkoms of glad nie eers die ooreenkoms op skrif plaas nie. *"Many small business owners fail to make and use contracts, even for purchases or sales that are large enough to require them. This failure results from the lack of understanding of the legal ramifications. We cannot overstress the necessity for a close working relationship with an attorney and attention to legal issues"* (Carland & Carland; 1989 : 641).

### 3.2 **SKRIFTELIKE OOREENKOMSTE EN FYNDRUK IN DIE ALGEMEEN**

Dit blyk duidelik uit die legio gerapporteerde hofverslae dat hierdie een van die grootste denkfoute is wat kleinsakeondernemers kan begaan, spesifiek in die lig daarvan dat dit juis gewoonlik die fyndruk, of die afwesigheid van 'n skriftelike ooreenkoms, is wat, wanneer die kleinsakeondernemer voor 'n probleem te staan sou kom, vir hom die grootste skade kan berokken.

In die algemeen, wanneer die kleinsakeondernemer in die proses is om 'n ooreenkoms te sluit, moet daar na die volgende opgelet word:

- a) Die fyndruk bevat 'n legio bepalinge en terme wat behoorlik nagegaan moet word. Maak byvoorbeeld seker dat die fyndruk van 'n ooreenkoms nie ook 'n persoonlike borgstelling bevat nie. Dit is uiteraard relevant waar die kleinsakeondernemer onder die vaandel van 'n beslote korporasie of 'n maatskappy in die ooreenkoms tree.

- b) Verseker dat die ander kontraksparty wel die kontraksparty is waarmee die kleinsakeondernemer beoog om besigheid te doen en dat dit nie net byvoorbeeld 'n front maatskappy of 'n verteenwoordiger van die werklike maatskappy is nie. Dit kan gebeur dat 'n kleinsakeondernemer 'n maatskappy ABC (Edms) Bpk 'n ooreenkoms sluit net om later uit te vind dat maatskappy ABC (Edms) Bpk slegs 'n houër- of 'n frontmaatskappy is en dat die besigheid fisies bedryf word en die bates gehou word in maatskappy CBA (Edms) Bpk is. Indien maatskappy ABC nie oor enige fondse beskik om die kleinsakeondernemer byvoorbeeld vir sy dienste te vergoed nie, sal die kleinsakeondernemer in normale omstandighede nie 'n verhaalsreg hê teenoor maatskappy CBA nie.
- c) Verseker dat die ooreenkoms alle bladsye bevat en behoorlik voltooi is voor die ooreenkoms onderteken word sodat daar nie later, na ondertekening, wysigings aan die ooreenkoms aangebring kan word nie. Dit het al vele kere gebeur dat byvoorbeeld borgooreenkomste nie voltooi was toe dit onderteken is nie en dat dit as gevolg daarvan ongeldig en onafdwingbaar was. Dit was die geval in *Fourlamel (Edms) Bpk vs Maddison 1971(1) SA 333A* en *Nelson vs Hodgett Timbers (Edms) Bpk 1973(3) SA 37(A)* waar in laasgenoemde die feite kortliks was dat borg A 'n borgakte onderteken het ingevolge waarvan 'n ander verdere borg hom ook sou verbind. Die borgakte het byvoorbeeld gelees: "We the undersigned ....." en "We declare .....". Net een borg het in die finale analise die dokument onderteken. Die Appélhof het bevind dat die borgakte ongeldig en onafdwingbaar was aangesien dit die bedoeling van borg A was dat die tweede borg saam met hom borgstaan. Dit is byvoorbeeld relevant vir die kleinsakeondernemer waar hy wil hê dat 'n persoon betrokke by 'n

instansie aan wie hy dienste of goedere wil lewer moet borg teken. Die kleinsakeondernemer moet seker maak dat die dokumente behoorlik voltooi en onderteken is.

- d) Versoek altyd 'n afskrif van die ondertekende ooreenkoms en bewaar dit veilig. Dit kan gebeur dat sekere klousules of ontbrekende inligting later deur 'n *male fide* kontraksparty bygevoeg word na ondertekening van die ooreenkoms of wanneer die ander kontraksparty besef dat daar 'n leemte in die ooreenkomste bestaan. Op daardie stadium sal 'n afskrif van die oorspronklike ooreenkoms uiters handig te pas kom.
- e) Indien die ooreenkoms ingewikkeld is, of 'n legio Latynse of onverstaanbare terme bevat, is dit raadsaam dat die kleinsakeondernemer versoek dat die terme eers aan hom verduidelik word, alternatiewelik regsadvies inwin om hom by te staan in die verband.

3.3 Die verskillende tipes ooreenkomste wat die kleinsakeondernemer kan verwag om te onderteken is:

#### 3.3.1 Huur van 'n perseel

Die volgende is relevant om in gedagte te hou:

- Die huurtermyn en die huurbedrag moet vasgestel wees en die verhuurder moet nie instaat wees om verskuilde kostes tot die

huurbedrag te kan toevoeg nie (byvoorbeeld outomatiese verhoogde paaiemente met styging in kostes, operasionele kostes ens). Gewoonlik is die huurbedrag vasgestel, byvoorbeeld R25,00 per m<sup>2</sup> maar die operasionele kostes kan wissel in die eensydige besluit van die verhuurder. Dit kan tot gevolg hê dat die kleinsakeondernemer skielik voor aansienlike hoër oorhoofse kostes te staan kan kom sonder dat hy daarvoor voorsiening gemaak het.

- Die perseel en die grootte daarvan moet spesifiek omskryf word asook die huurder (die kleinsakeondernemer) se gebruiksregte vir algemene areas, byvoorbeeld parkering en/of badkamer- en kombuisgeriewe.
- Indien daar vir eskalاسie van koste voorsiening gemaak word, moet dit spesifiek vasgestel word.
- Daar moet so min as moontlik inbreuk gemaak word op die gebruik van die huurder van die perseel, byvoorbeeld dat die verhuurder slegs met vooraf reëling die perseel mag betree of byvoorbeeld as die verhuurder redelike uitgebreide verbouings aan die perseel wil aanbring kan daarvoor gekompenseer word deurdat die huurder in daardie tyd 'n verminderde huurbedrag betaal.
- Die duur van die ooreenkoms moet spesifiek bepaal word en



omskryf word in die ooreenkom.

### 3.3.2 Huur, huurkoop en afbetalingsverkoop-ooreenkomste

Die basiese verskil tussen 'n huur, huurkoop en die afbetalingsverkoop-ooreenkoms is dat:

- by 'n huurooreenkoms die huurder (die kleinsakeondernemer) nooit die eienaar van die saak word nie.
- by 'n huurkoop word eiendomsreg van die koopsaak voorbehou ten spyte dat die saak gelewer word aan die koper en het die koper die keuse om op die ou end die eienaar van die saak te word.
- by 'n afbetalingsverkoop-ooreenkoms word die koper die eienaar van die saak by lewering.

Bogemelde ooreenkomste is gewoonlik ooreenkomste wat deur banke of ander finansiële instelling opgestel is en is ooreenkomste met bladsye van fyndruk wat die regte van die finansiële instelling so ver as moontlik beskerm.

Meestal resorteer hierdie ooreenkomste onder die Wet op Kredietooreenkomste (*Wet 75 : 1980*) wat 'n legio vereistes daarstel vir die ontstaan of bestaan van 'n geldige ooreenkoms. As die ooreenkoms onder die bovermelde Wet resorteer, moet daar byvoorbeeld in sommige gevalle



ingevolge Artikel 13 van die betrokke Wet 'n "afkoel periode" aan die sakeondernemer gegee word, synde 'n tydperk waarbinne die sakeondernemer van plan kan verander sonder dat daar 'n sanksie gekoppel is aan die uittrede uit die ooreenkoms.

### 3.3.3 **Borgooreenkomste**

Hierdie is ooreenkomste waarin die kleinsakeondernemer persoonlik aanspreeklikheid aanvaar vir die skulde van die besigheidsentiteit, byvoorbeeld die beslote korporasie of die maatskappy. Dit word gewoonlik van die kleinsakeondernemer vereis om borg te teken vir die aanspreeklikheid van sy onderneming en het die kleinsakeondernemer gewoonlik nie veel van 'n keuse as om so 'n borgstelling te onderteken nie. Dit het die gevolg dat die skuldeiser die keuse sal kan uitoefen om óf die besigheidsentiteit verantwoordelik te hou vir die verskuldigdheid van die besigheidsentiteit en/of teen die kleinsakeondernemer wat aanspreeklikheid aanvaar vir die verskuldigdheid.

Die kleinsakeondernemer moet seker maak dat hy nie 'n onbeperkte borgskap verskaf nie, maar dat daar 'n limiet aan die borgskap gekoppel word deur daarop aan te dring dat hy slegs 'n beperkte borg wil bied byvoorbeeld vir 'n beperkte bedrag en/of vir 'n beperkte tydperk.

'n Borgooreenkoms bevat gewoonlik 'n klousule waarin vermeld word dat die borgsteller spesifiek afstand doen van die verskeie verwerre, gewoonlik

*"beneficium ordinis sui excussionis", "beneficium divisionis", "beneficium de dōbus vel pluribus reis debendi", "exceptio non numeratae pecuniae", "exceptio non causa debiti" en "exceptio errore calculi".*

Wanneer die borgsteller toestem tot die afstanddoening van die bovermelde verweere, beteken dit eintlik die volgende (Coaker & Schultz; 1975 : 349 ev):

- *"beneficium ordinis sui excussionis"* : Die borgsteller kan nie meer vereis dat die skuldeiser eers voortgaan in die invordering van die skuld teen die besigheidsentiteit, met ander woorde die hoofskuldenaar nie en die skuldeiser kan dus onmiddellik teen die borgsteller voortgaan.
- *"beneficium divisionis"* : Indien daar meer as een borgsteller is, byvoorbeeld twee lede in 'n beslote korporasie, kan die skuldeiser vir die volle uitstaande bedrag voortgaan teen enige van die twee borgstellers en kan die skuldeiser nie net 'n pro rata gedeelte van die skuld van een van die borgstellers verhaal nie. Die borgsteller hoef nie spesifiek van die verweer afstand te doen nie. As hy in die borgstelling vermeld dat hy *"in solidum"* of as mede-hoofskuldenaar aanspreeklik is, doen hy in elk geval afstand van hierdie verweer.
- *"beneficium de dōbus vel pluribus reis debendi"* : Hierdie verweer is geskik in gevalle waar daar een of meer prinsipiële skuldenaars

is wat gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik is. Indien daar toegestem word tot die afstanddoening van die verweer, kan die een prinsipiële skuldenaar of borgsteller aanspreeklik wees vir die volle uitstaande bedrag.

- "*exceptio non numeratae pecuniae*" : Gewoonlik kan 'n borg enige verweer opper teen 'n skuldeiser se eis as wat die hoofskuldenaar teen die eis sou gehad het. Een van die verweere is byvoorbeeld dat die bedrag wat geëis is, reeds deur die hoofskuldenaar betaal is. As die borgsteller nie van die verweer afstand doen nie en as daar byvoorbeeld 'n dispuut is tussen die borg en die skuldeiser bestaan of die verskuldigdheid reeds vereffen is, sal die skuldeiser die onus (bewyslas) dra om te bewys dat die geld nie betaal is nie. Indien daar van hierdie verweer afstand gedoen word, het die borgsteller die onus om te bewys dat die geld oorbetal is aan die skuldeiser.
  
- "*exceptio non causa debiti*" : Dit behels die verweer dat daar geen skuldoorsaak vir die beweerde verskuldigdheid bestaan nie. As die borgsteller afstand doen van die verweer en daar is 'n dispuut, sal die skuldeiser die onus dra om te bewys dat die hoofskuldenaar wel die bedrag verskuldig is. Indien daar afstand gedoen word van die verweer, sal die borgsteller die onus dra om te bewys dat die bedrag nie verskuldig was nie.

- "*exceptio errore calculi*" : Sou die borgsteller afstand doen van hierdie verweer beteken dit dat hy nie toegelaat sal word om die korrektheid van die bedrag wat geëis word, te bevraagteken nie en sal hy moet aanvaar dat die bedrag wat die skuldeiser eis, die korrekte bedrag is.

Dit is dus uiters belangrik dat die borgsteller seker maak dat hy nie van die verwerre afstand doen sou hy voorsien dat dit hom spesifiek sal raak nie.

Waar 'n borg meer as sy gedeelte betaal het aan 'n skuldeiser as waarvoor hy eintlik aanspreeklik is, het hy 'n verhaalsreg teenoor sy ander mede-borge. In *Hart vs Corder 1973 (3) SA 11 N* het die regter bevind dat dit nie nodig is om 'n formele sessie vir die vordering van die skuldeiser te bekom nie en dat die borg eenvoudig sy mede-borge kan aanspreek vir die verskuldigdheid wat hy vereffen het.

#### 3.3.4 **Handel in goedere en dienslewering**

Afhangende van in welke tipe bedryf die kleinsakeondernemer betrokke raak, sal hy in die loop van besigheid items aankoop, items verkoop en/of dienste lewer.

Dit is belangrik dat die kleinsakeondernemer, waar daar onder andere dienste gelewer word (byvoorbeeld die herstel van motorvoertuie, verkoop van gebruiksartikels en vervaardiging van items en die verkoop daarvan) homself

vergewis van die regsaspekte met betrekking tot sy spesifieke bedryf. Dit is byvoorbeeld uiters belangrik om:

- a) wanneer goedere verkoop word, seker te maak dat eiendomsreg van die goedere behou word tot tyd en wyl die volle bedrag deur die koper betaal is. Dit geskied byvoorbeeld deur uitdruklik op fakture te vermeld dat eiendomsreg voorbehou word totdat die volle koopsom betaal is;
- b) wanneer goedere verkoop word, te vermeld dat die verkoper nie waarborg dat die goedere spesifiek gemaak is vir die doel waarvoor die koper dit aankoop nie. Dit is ook iets waarvoor die kleinsakeondernemer skriftelik kan voorsien, byvoorbeeld agterop sy faktuur as deel van die verkoopsvoorwaardes;
- c) dat risiko vir verlies of skade van die goedere oorgaan sodra die koper besit neem, met ander woorde as die goedere gesteel word voor die koopsom betaal is, die kleinsakeondernemer steeds die koopsom kan verhaal. Weer eens kan die kleinsakeondernemer daarvoor voorsiening maak in sy verkoopsvoorwaardes;
- d) dat goedere voetstoots verkoop word (weer eens as deel van die verkoopsvoorwaardes);

- e) dat daar 'n presiese omskrywing is van die waarborge wat deur die verkoper en/of die vervaardiger op die spesifieke produkte aangebring word en wat dan deur die vervaardiger en/of verkoper gehonoreer sal word.

In die lig van die bovermelde en ook in die algemeen, blyk dit duidelik uit die gesag dat dit vir die kleinsakeondernemer verseker 'n aanwys sal wees om so vroeg as moontlik by 'n prokureur in die verband aan te doen ten einde behoorlike kontrakvoorwaardes vir die diens wat gelewer gaan word of die goedere wat verkoop sal word, op te stel. *"At different stages of the start up, the entrepreneur will need legal advice .... Legal advice for these agreements (i.e. partnership, franchise or articles of incorporation) is necessary to ensure that the most appropriate decisions have been made."* (Hisrich & Peters; 1995 : 487) en *"Not only are legal issues exceedingly complex, they are frequently specific to a particular situation .... Legal advice will be needed on an ongoing basis"* (Carland & Carland; 1989 : 631).

Indien so 'n ooreenkoms nie bestaan nie kan dit die effek hê dat die kleinsakeondernemer byvoorbeeld by wanbetaling nie sy goedere kan terugneem nie aangesien eiendomsreg by lewering oorgegaan het of die koper kan weier om te betaal aangesien die goedere nie geskik is vir sy voorgenome gebruik nie.

### 3.3.5 Personeel indiensenemingsooreenkomste

Hierdie tipe van ooreenkomste sal ook deur die kleinsakeondernemer gesluit word in die aanstelling van personeel.

Met die legio vereistes met betrekking tot die hantering van personeelsake asook die veranderinge wat op 'n daaglikse basis oorweeg en ingestel word met betrekking tot arbeidsverhoudinge, is dit belangrik dat die kleinsakeondernemer op hoogte is van die wette en regulasies met betrekking tot arbeidsverhoudinge ingesluit die Wet op Arbeidsbetrekkinge (*Wet 3 : 1983*) en al die verdere wysigings daarop.

Dit is altyd aan te bevole om 'n skriftelike ooreenkoms te sluit met 'n personeellid, al is dit slegs in die vorm van 'n aanstellingsbrief wat deur die personeellid en gevolmagtigde van die onderneming onderteken word waarin onder andere neergestip word of die personeellid permanent of tydelik aangestel word, periode van indienseneming, vergoeding met spesifieke onderskeiding tussen die maandelikse gewone geldelike vergoeding en enige byvoordele, verlof, siekverlof, spesiale pligte, kennisteryn vir bedanking en afdankingsproses (*Dewar; 1991 : 7*).

'n Diensooreenkoms verskil van 'n normale ooreenkoms deurdat dit twee vlakke behels, synde:

- a) op die eerste vlak is daar 'n ooreenkoms vir 'n uitruil van werk en

vergoeding;

- b) op die tweede vlak is daar 'n uitruil van gemeenskaplike vereistes vir toekomstige prestasie, met ander woorde toekomstige belofte om in diens te neem en in diens te wees.

Veral laasgenoemde het tot gevolg dat alvorens die diens van 'n werknemer beëindig kan word, die werkgewer eers aan verskeie vereistes moet voldoen, wat gewoonlik die volgende is:

a) **Waarskuwings**

- Mondelinge waarskuwings is gewoonlik die eerste stadium in die bogemelde dissiplinêre proses.
- Daar is geen vaste reël met betrekking tot die aantal waarskuwings of die feit dat daar 'n skriftelike of 'n mondelinge waarskuwing moet wees nie. Uiteraard is 'n skriftelike waarskuwing meer substansieel en is die bewyswaarde daarvan soveel groter.

b) **Skorsing**

Dit is 'n tussentydse maatreël hangende dissiplinêre ondersoek. Dit is veral geskik in gevalle waar vorige waarskuwings misluk het of waar die oortreding ernstig genoeg is om 'n swaarder straf as 'n



verdere waarskuwing te regverdig, byvoorbeeld diefstal van geld uit die onderneming. Gewoonlik word 'n werknemer onder sulke omstandighede steeds vergoed vir die blote beskikbaarheid van sy/haar dienste. Die werkgever is egter nie verplig om van die werknemer se dienste gebruik te maak nie solank die werkgever slegs voortgaan om die ooreengekome loon aan die werknemer te betaal. Skorsing is dus 'n tussentydse maatreël.

c) **Ontslag**

Die vereistes vir 'n onbillike ontslag van 'n werknemer is bloot dat die indiensneming van 'n werker nie beëindig sal word behalwe as daar 'n geldige rede vir so 'n beëindiging bestaan gekoppel aan die kapasiteit of gebaseer op die operasionele vereistes van die onderneming. Dit behels basies dat die ontslag substantief billik moet wees. Dit is ook die toets wat deur die Nywerheidshowe toegepas word. Billike ontslag gaan gewoonlik vooraf gepaard deur 'n dissiplinêre verhoor. Die elemente van 'n billike verhoor is die volgende:

- Die werknemer moet geregtig wees om aangehoor te word en enige stellings wat gemaak word aan te veg;
- Die werknemer is geregtig daarop om so spoedig as moontlik aangehoor te word en moet vooraf van

besonderhede van die tersaaklike aanklagte in kennis gestel word.

- Die werknemer is geregtig op een of ander vorm van verteenwoordiging, moet toegelaat word om getuies te roep en is geregtig op die bystand van 'n tolk indien dit relevant is.
- Die diensrekord van die werknemer moet oorweeg word.
- Die werknemer moet in kennis gestel word van die beslissing met 'n spesifieke skriftelike opgaaf van die redes, veral in die geval van 'n negatiewe uitslag.
- Die werknemer behoort toegelaat te word om na 'n hoër vlak binne die entiteit te appelleer.
- Daar word vereis te elke diensbeëindiging op redelike kennisgewing of teen betaling in die plek daarvan sal geskied tensy die werknemer aan ernstige wangedrag skuldig bevind word.

### 3.3.6 Konsessieooreenkoms (Franchising Agreement)

Dit raak deesdae al hoe meer gewild vir kleinsakeondernemers om aan te sluit by konsessieskemas (ook genoem franseringsskemas of bedryfsgebruikskemas), wat basies behels die lisensiëring van 'n besigheidsstelsel deur 'n konsessiegewer aan 'n konsessienemer. Konsessieooreenkoms behels onder andere die volgende (*Naude et al; 1991 : 351 ev*):

- Dat 'n kontraktuele lisensie deur die konsessiegewer aan die konsessienemer verskaf word in terme waarvan:
  - a) Die konsessienemer toegelaat word om gedurende die ooreengekome tydperk van die konsessieooreenkoms 'n spesifieke besigheid onder 'n spesifieke naam te behartig.
  - b) Waar die konsessiegewer gedurende die loop van die spesifieke ooreengekome tydperk steeds 'n mate van kontrole oor die besigheid uitoefen en waar die konsessiegewer onderneem om sekere bystand aan die konsessienemer te verskaf.
  - c) Gewoonlik word daar van die konsessienemer verwag om gedurende die loop van die ooreenkoms sekere

gelde oor te betaal aan die konsessiegewer, hetsy vir konsessiefooie of vir goedere verkoop en gelewer.

'n Konsessieooreenkoms is gewoonlik 'n redelike lywige ooreenkoms wat veral die regte van die konsessiegewer sal beskerm. Die konsessienemer moet spesifiek let op die volgende klousules:

- die verskuilde kostes wat moontlik in die kontrak vervat kan wees, byvoorbeeld maandelikse bydraes tot advertensiekoste;
- maandelikse oorbetalings in terme van 'n konsessiefooie (wanneer moet dit gekied en wat is die sanksie as dit nie nagekom word nie);
- 'n klousule waarin die konsessiegewer uitsluitlik kan besluit wat die kosprys van sekere van die goed sal wees wat die konsessienemer uitsluitlik by die konsessiegewer moet aankoop;
- dat die area waarin hy kan besigheid doen spesifiek omskryf word en dat dit in die ooreenkoms vermeld is dat die konsessiegewer nie enige ander konsessienemer sal toelaat om binne 'n sekere aantal kilometer van die kleinsakeondernemer se besigheid sal besigheid doen nie;
- dat die bystand wat deur die konsessiegewer verskaf sal word

spesifiek omskryf word ten einde later te verhoed dat die konsessienemer probleme het om te bewys welke "beloftes" daar aan hom gemaak is;

- 'n Verdere belangrike klousule wat in verskeie ooreenkomste ingeskryf word is 'n handelingsbeperking (restraint of trade). Dit is 'n klousule wat behels dat die konsessiegewer van die konsessienemer 'n onderneming versoek dat die konsessienemer vir 'n sekere periode na die beëindiging van die konsessieooreenkoms (om welke rede ookal), nie in enige hoedanigheid in dieselfde tipe besigheid betrokke sal raak nie. Dit kan die ernstige gevolge hê dat indien die kontrak vir welke rede ookal beëindig word, dat die konsessienemer nie in die area waar hy 'n besigheid opgebou het, enige soortgelyke besigheid kan bestuur of op enige basis direk of indirek daarin betrokke kan wees nie. Hierdie tipe klousules word gereeld in die Suid-Afrikaanse howe aangeveg aangesien dit op daardie stadium tot gevolg het dat die konsessienemer waarskynlik van sy daaglikse brood ontnem word. Ten spyte van die algemene oortuiging dat dit moeilik is om so 'n klousule af te dwing, is hierdie tipe klousules afdwingbaar en die konsessienemer sal groot moeite hê om enigsins te bewys dat so 'n klousule nie deur 'n hof afgedwing moet word nie [*Magna Alloys and Research SA (Pty) Ltd v Ellis 1984 SA4 (AD) 874*]. Die ondertekening van so 'n klousule deur die kleinsakeondernemer moet ten alle koste vermy word.

'n Verdere belangrike klousule is die klousule wat handel met die verkoop van die besigheid. Die kleinsakeondernemer moet seker maak dat daar nie te veel beperkings op sy reg is om die besigheid te verkoop nie, byvoorbeeld dat die konsessiegewer nie onredelik sy toestemming kan weerhou vir die verkoping van so 'n besigheid nie of dat die konsessiegewer 'n verkoopsreg het teen 'n spesiale prys.

### 3.4 SLOTSOM

Uit bovermelde blyk dit dat die kleinsakeondernemer nooit te versigtig of te deurdag in 'n ooreenkoms kan tree nie. Uit die bespreking blyk dit duidelik dat vir elke tipe ooreenkoms wat die kleinsakeondernemer moontlik mag sluit, daar 'n legio oorwegings, moontlikhede en vereistes bestaan. Soos voorheen vermeld is dit duidelik dat die kleinsakeondernemer professionele hulp in die vorm van 'n regsgeleerde benodig om hom in die verskillende moontlikhede te lei en om die kleinsakeondernemer te adviseer oor die gevare en moontlike probleme wat daar mag ontstaan. Dit is uiters belangrik om aanvanklik genoeg tyd af te staan om die kontrak behoorlik na te gaan en te onderhandel vir beter of meer gunstige terme en om enige ooreenkoms wat op skrif geplaas is, behoorlik na te gaan om onder andere te verseker dat dit die ware bedoeling van die partye weergee, dat dit vir alle moontlike toekomstige gebeure voorsiening maak, dat die kleinsakeondernemer se regte behoorlik beskerm word en dat dit aan alle moontlike statutêre vereistes voldoen.

ooo O ooo

## HOOFSTUK 4

### ONTBINDING VAN DIE SAKEONDERNEMING

#### 4.1 INLEIDING

Die ontbinding of beëindiging van 'n sakeonderneming is nie altyd 'n negatiewe daad is nie. Uiteraard wanneer 'n sakeonderneming formeel gelikwieder word is dit gewoonlik as gevolg van die feit dat die sakeonderneming insolvent is. Die woord insolvensie is van Latynse afkoms en beteken letterlik "inability to pay" (*Smith; 1988 : 1*).

Insolvensie volg weens verskeie redes soos byvoorbeeld wanbestuur, verkeerde bestuursbesluite, afname in kliënte weens verskeie redes en is nie altyd binne die beheer van die kleinsakeondernemer nie (*Cilliers et al; 1993 : 377*), byvoorbeeld as gevolg van die feit dat 'n groot debiteur, om welke rede ookal, weier of versuim om betaling aan die kleinsakeondernemer te maak wat tot gevolg het dat die lasteposisie die bateposisie van die sakeonderneming oorskry of dat die onderneming in 'n kontantvloeiopenarie gedompel word.

'n Onderneming kan egter ook ontbind word vir positiewe redes, byvoorbeeld omdat die sake-ondernemer wil aftree, die belang wil oordra in 'n ander besigheidsentiteit of wanneer 'n sake-ondernemer sy besigheid vir 'n wins van die hand sit.

Die rede vir ontbinding is dus nie altyd 'n negatiewe daad nie en kan intendeel die

werklike oesfase wees vir die kleinsakeondernemer se arbeid en insette. Hierdie hoofstuk konsentreer egter op die ontbinding deur likwidasië of beëindiging en kyk spesifiek na die verskillende wyses waarop ontbinding kan geskied in die vennootskap, die beslote korporasie en die maatskappy.

#### 4.2 ONTBINDING VAN VENNOOTSKAPPE

'n Vennootskap kan op meer as een wyse ontbind word wat tot gevolg het dat die verhouding wat uit die vennootskaps-ooreenkoms voortspruit beëindig word. Redes vir ontbinding kan die volgende insluit:

- Die afloop van die termyn waarvoor die vennootskap oorspronklik opgerig is (*De Wet & Van Wyk; 1978 : 409*). 'n Voorbeeld hiervan is waar individue 'n kontrak gesluit het met 'n derde om vir 'n periode van vyf jaar dienste te lewer aan 'n ander instansie en waar die vennootskap spesifiek vir daardie doel gestig is;
- Waar die vennote vir welke rede ookal spesifiek besluit met 'n daaropvolgende ooreenkoms dat die vennootskap ontbind word (*De Wet & Van Wyk; 1978 : 409*);
- Deur die dood van een van die vennote. Die dood van een van die vennote het tot gevolg dat daar vir die oorblywende vennote geen vennootskap meer bestaan nie, tensy hulle spesifiek daarop ooreenkom (*Cilliers et al; 1993 : 51*). Wanneer een van die vennote in 'n vennootskap tot sterwe kom, moet die



- oorblywende vennote van vooraf 'n vennootskapsooreenkoms sluit;
- Deur die sekwestrasie van die vennootskapsboedel of deur die private sekwestrasie van een of meer van die vennote se boedels;
  - Deur aansoek van een of meer van die vennote vir 'n hofbevel dat die vennootskap ontbind word;
  - Wanneer 'n nuwe vennoot tot die vennootskap toegelaat word, verval die vorige vennootskap en kom daar 'n nuwe vennootskap tot stand.
  - Wanneer oorlog verklaar word en een van die vennote is 'n burger van die vyand, alhoewel hy dalk in die land woonagtig kan wees, word die vennootskap ontbind op aansoek van die hof (*Cilliers; 1993 : 52 en De Wet & Van Wyk; 1978 : 412*).

Daar word geen spesifieke statutêre formaliteite gekoppel aan die ontbinding van 'n vennootskap nie. Dit word egter deur *Cilliers (1993 : 53)* aanbeveel dat publisiteit aan die ontbinding van die vennootskap gegee word. Dit is spesifiek om te verhoed dat derde partye onder die wanindruk kan wees dat die vennootskap steeds bestaan. As die vennote so 'n wanindruk laat voortleef, kan hulle waarskynlik persoonlik aanspreeklik gehou word vir enige optrede van 'n vorige vennoot in die naam van die vorige vennootskap. Publikasie van die ontbinding vind plaas deur byvoorbeeld aan alle kliënte of belanghebbendes skrywes te stuur wat die ontbinding boekstaaf en dit

ook te adverteer in plaaslike koerante en in die Staatskoerant.

Wanneer 'n nuwe vennootskap gestig word, soos byvoorbeeld wanneer 'n nuwe vennoot ingelaat word, moet daar kennis gegee het in terme van Artikel 34 van die Insolvensiewet (24 : 1936) wat bepaal dat wanneer 'n besigheid of klandisiewaarde van die besigheid oorgedra word in terme van 'n kontrak, kennis daarvan gegee moet word in die Staatskoerant en in plaaslike Afrikaanse en Engelse koerante. Daar is ook 'n tydsbeperking aan hierdie kennisgewing gekoppel deurdat dit ten minste dertig dae, en nie meer as sestig dae voor die oordrag moet geskied nie. Indien die vennote nie aan hierdie vereiste voldoen nie, kan die verkoper of die oordraggewende party in terme van die kontrak verskuldig wees aan krediteure vir 'n periode van ses maande na die oordrag.



Die gevolge van ontbinding is dat die verhouding tussen die vorige vennote drasties verander word. Die verhouding tussen die vennote kom nie onmiddellik tot 'n einde nie, veral as daar onafgehandelde sake bestaan, byvoorbeeld die invordering van steeds uitstaande debiteure. Die verhouding tussen die vennote kom eers werklik tot 'n einde wanneer die vennootskapsooreenkoms tot 'n einde gebring word en gefinaliseer word. Die mandaat tussen die vennote word egter onmiddellik beëindig deurdat geen van die vennote meer oor die reg beskik om bindende ooreenkomste namens die vennootskap of sy vorige vennote aan te gaan nie (*De Wet & Van Wyk; 1978 : 413*). Uitstaande debiteure met betrekking tot die vennootskap is steeds verplig om betaling te maak aan die vennootskap en die vennootskap is steeds verplig om uitstaande bedrae verskuldig aan krediteure te vereffen. In *Lee en 'n Ander vs*

*Maraisdrif (Edms) Bpk 1976 (2) SA 536 A* het die Appélhof bevind dat die vennote onmiddellik aanspreeklik is vir die vennootskap se skulde op ontbinding van die vennootskap al is die vennootskap nog nie gelikwideer nie. Ontbinding van die vennootskap, hetsy deur 'n formele hofbevel of net eenvoudig likwidasië menende realisasie van die bates van die vennootskap behels dat alle bates van die vennootskap omgesit word in geld deur middel van verkope (*De Wet & Van Wyk; 1978 : 415*). As daar genoeg kontant bestaan om alle krediteure te betaal, kan die vennote besluit om in plaas daarvan om alle vennootskapsbates in geld te omskep, bates uit die vennootskap te neem eerder as om dit in kontant te omskep. Indien die vennote nie self aan die likwidasiëproses wil deelneem nie, kan 'n likwidateur aangestel word om die likwidasiëproses te hanteer. Die regte en verpligtinge van so 'n likwidateur hang streng af van sy aanstelling en die omstandighede waaronder hy aangestel word.

#### 4.3 ONTBINDING VAN BESLOTE KORPORASIES

Beslote korporasies kan ontbind word deur die lede of deur 'n formele likwidasiëproses (*Cilliers; 1993 : 106*). Ontbinding deur likwidasië geskied deur 'n hofbevel wat voorafgegaan word deur 'n aansoek gebring deur óf die lede óf krediteure. In die verband sien *Spendiff vs J A J Distributors (Edms) Bpk, 1989 (4) SA 126C 135*. Alhoewel dit in hierdie saak meer spesifiek gegaan het om die likwidasië van 'n maatskappy, meld Sy Edele Regter Thring dat die reëls met betrekking tot likwidasië van maatskappye ook *mutatis mutandis* geld vir beslote korporasies.

Vrywillige ontbinding word geïnisieer deur 'n resolusie wat geneem word deur al die lede, wat op skrif moet wees en wat gehou word by 'n vergadering spesifiek vir

daardie doel. Die resolusie moet deur alle partye onderteken word en binne agt en twintig dae by die Registrateur van Beslote Korporasies in Pretoria geliasseer word. Binne agt en twintig dae na die registrasie van die resolusie vir die ontbinding, moet die ontbinding in die Staatskoerant geadverteer word en moet 'n afskrif van die resolusie ook gestuur word aan die Balju en die Registrateur van Beslote Korporasies binne veertien dae na registrasie van die resolusie. Hierdie vrywillige ontbinding kan slegs plaasvind waar dit vir enige rede plaasvind behalwe vir insolvensie van die beslote korporasie (*Artikel 67 : Wet 69 : 1984*).

'n Beslote korporasie sal deur 'n hof ontbind word vir een van die volgende redes:

- As die lede 'n resolusie onderteken het dat hulle vir welke rede ookal die beslote korporasie wil ontbind;
- As die beslote korporasie nie besigheid begin het binne 'n een jaar periode vanaf registrasie van die beslote korporasie nie of as die beslote korporasie opgehou het om 'n onderneming te bedryf vir 'n periode van 'n jaar;
- As die beslote korporasie nie daartoe in staat is om sy skulde te betaal nie;
- As dit vir die hof regverdig blyk dat die beslote korporasie ontbind moet word (*Artikel 68 : Wet 69 : 1984*).

Een van die bovermelde redes is dat 'n beslote korporasie nie in staat moet wees om

sy skulde te vereffen nie. 'n Korporasie is nie in staat om sy skulde te betaal nie:

- As 'n krediteur aan wie 'n bedrag van nie minder as R200,00 verskuldig is nie, 'n versoek van betaling aan die beslote korporasie rig wanneer die bedrag betaal word en die beslote korporasie vir 'n periode van een en twintig dae daarna versuim die bedrag te betaal of om sekuriteit te stel vir die uitstaande bedrag;
- As daar vonnis teen die beslote korporasie toegestaan is en die Balju aan die krediteur vermeld dat daar geen bates in die beslote korporasie is om op beslag te lê nie maar 'n nulla bona relaas lewer;
- As dit tot die goedkeuring van die hof blyk dat die beslote korporasie nie in staat is om sy skulde te betaal nie. Die hof het 'n diskresionêre bevoegdheid om 'n likwidasiebevel toe te staan aldan nie. Hierdie diskresionêre bevoegdheid is bevestig in *Tjospomie Boerdery (Edms) Bpk vs Drakensberg Botteliers (Pty) Ltd, 1989 (4) SA 31T (Artikel 69 : Wet 69 : 1984)*.

Die gevolge van likwidasie is dat so spoedig as wat die likwidasiebevel voorlopig en/of finaal toegestaan is, word kontrole vanaf die lede oorgeplaas na aanvanklik die Meester en sodra die Meester 'n voorlopige en/of finale likwidateur aangestel het, aan die likwidateur. Die beslote korporasie bly voortbestaan terwyl dit onder die kontrole van die likwidateur is.

*Ciliers (1993 : 119 ev)* vermeld dat die likwidateur wat aangestel word se magte wyd is deurdat:

- hy byvoorbeeld enige siviele aksie wat in die naam van die beslote korporasie aangegaan is, tot 'n einde kan bring of kan besluit om dit te verdedig;
- toestem tot enige redelike aanbod gemaak deur enige debiteur van die beslote korporasie, om enige eis teen die beslote korporasie te aanvaar en/of te weier;
- om enige reëlings te tref met krediteure;
- om voort te gaan met enige gedeelte van die besigheid van die beslote korporasie vir sover as wat dit nodig is om die likwidasië finaal af te handel;
- om enige roerende of onroerende bate uit die beslote korporasie te verkoop.
- om enige huurooreenkomste synde vir onroerende eiendom of roerende eiendom te bevestig of te termineer. In *Montelindo Compania Navierasa vs Bank of Lisbon SA Ltd, 1969 (2) SA 127W*) het die likwidateur die huurooreenoms met 'n skrywe gekanselleer;
- om 'n behoorlike ondersoek aan te vra na die optrede en besluite van die lede van die beslote korporasie byvoorbeeld om te bepaal of hulle deur hulle optredes of nalatens dalk aanspreeklik is vir enige van die skulde van die

beslote korporasie;

- om enige disposisie van bates tersyde te stel. In *Meyer NO vs Transvaalse Lewende Hawe Koöperasie Bpk, 1982 (4) SA 746 A* het die insolvent binne 'ses maande voor sekwestrasie met 'n krediteur (synde 'n afslaer) ooreengekom dat die vee wat die insolvent van die afslaer gekoop het en nog nie voor betaal het nie, teruggeneem kan word. Die Appélhof het beslis dat die vervreemding binne ses maande voor sekwestrasie geskied het, dat die afslaer bevoordeel is bo ander skuldeisers, dat die laste van die insolvent onmiddellik na die vervreemding sy bates te bowe gegaan het en dat in daardie omstandighede die teruggawe tersydegestel moes word.

In enige likwidasieproses waar die beslote korporasie nie in staat is om sy skulde te betaal nie, moet elke lid en bestuurder die eerste en tweede vergadering van skuldeisers bywoon tensy daar spesifieke skriftelike toestemming in die verband gegee is om nie by te woon nie. Die lede moet ook enige verdere vergaderings bywoon wat deur die likwidateur belê word (*Artikel 414 : Wet 61 : 1973*).

#### 4.2 ONTBINDING VAN MAATSKAPPYE

Indien 'n maatskappy insolvent raak of indien die aandeelhouers begeer dat die maatskappy, vir welke rede ookal, ontbind moet word kan die maatskappy in likwidasie geplaas word. Likwidasie kan geskied weer eens vrywillig of deur 'n aansoek na die hof.

'n Hof sal 'n maatskappy onder andere in die volgende gevalle likwieder (*De Wet & Van Wyk; 1978 : 700*):

- As die lede by wyse van 'n spesiale besluit, besluit dat die maatskappy gelikwieder moet word;
- As die maatskappy nie binne 'n periode van een jaar na inlywing met sy besigheid begin het nie of vir 'n periode van meer as 'n jaar lank besigheid gestaak het;
- As die ledetal van 'n publieke maatskappy benede sewe lede gedaal het;
- As die besigheid met sy besigheid begin het voordat die Registrateur 'n sertifikaat uitgereik het dat die maatskappy met besigheid kan begin;
- As die maatskappy nie sy skulde kan betaal nie.

Die aandeelhouers in 'n maatskappy kan besluit om die maatskappy vrywillig te likwieder as dit vir enige ander rede is behalwe die maatskappy se insolvensie. Die vereistes wat in die verband nagekom moet word en veral as die aandeelhouers verlang dat die verloop van die likwidasië in hulle eie hande gelaat moet word, is die volgende:

- 'n Afskrif van die besluit om te likwieder en 'n afskrif waarin die persoon vir



die aanstelling van likwidateur benoem word, binne een en twintig dae na aanneme van die besluite by die Meester ingedien word (*Artikel 350 : Wet 61 : 1973*).

- Daar moet binne een en twintig dae tot bevrediging van die Meester van die Hooggeregshof sekerheid gestel word vir die betaling van die maatskappy se skulde binne 'n tydperk van twaalf maande na die aanvang van likwidasië of die Meester kan hiervan afsien as die Meester oortuig kan word deur middel van 'n beëdigde verklaring van die direkteur gestaaf deur 'n ouditeursertifikaat dat die maatskappy oor geen skulde beskik nie (*Artikel 350 : Wet 61 : 1973*).
- Die doel van vrywillige likwidasië is om die lede van die maatskappy en die skuldeiser vry te laat om hulle sake onderling te reël sonder die inmenging van die hof (*De Wet & Van Wyk; 1978 : 716*).

As 'n alternatief tot likwidasië van die maatskappy kan geregtelike bestuur oorweeg word. Alhoewel dit nie werklik 'n ontbindingsmetode is nie, is dit 'n proses om die maatskappy te probeer red.

Wanneer 'n maatskappy in finansiële moeilikheid verkeer, maar dit word geglo dat die probleme deur behoorlike bestuur te bowe gekom kan word, kan so 'n maatskappy onder geregtelike bestuur geplaas word (*Coaker et al; 1975 : 769*). Geregtelike bestuur vind plaas deur 'n aansoek aan 'n hof gerig deur skuldeisers of 'n lid van die maatskappy en as die hof oortuig is dat dit in die beste belang van alle partye

betrokke is dat die maatskappy onder geregtelike bestuur geplaas word. Die verlening van so 'n bestuursbevel het tot gevolg dat die bestuur van die maatskappy op die geregtelike bestuurder wat aangestel word oorgaan onderhewig steeds aan die toesig van die hof. Geld wat dan deur die geregtelike bestuur van die maatskappy beskikbaar raak, word aangewend ter vereffening van die koste van die geregtelike bestuur vir die bedryf van die besigheid en, as dit moontlik is, betaling van die vordering van die skuldeisers wat voor die bevel ontstaan het. So 'n geregtelike bestuurder mag egter, anders as 'n likwidateur in 'n likwidasieproses, nie enige bates van die maatskappy vervreem nie.

#### 4.5 **SLOTSOM MET SPESIFIEKE VERWYSING NA "POSITIEWE" LIKWIDASIE**

Likwidasie van 'n besigheidsentiteit soos hierbo vermeld, is soms 'n negatiewe daad wat gewoonlik die einde van 'n droom van 'n sake-ondernemer beteken.

Beëindiging is, soos voorheen vermeld, egter nie altyd 'n negatiewe daad nie en kan dit die kroon wees van die kleinsakeondernemer se sukses. Positiewe likwidasie of die oesproses vir die kleinsakeondernemer kan onder andere op die volgende maniere plaasvind:

- Deur 'n gedeeltelike oordrag van bestaande aandele of lede-belang of die inneem van 'n verdere vennoot weens die groei van die besigheid of om verdere kapitaal te bekom;
- Deur die uitreik van verdere aandele in die maatskappy;

- Deur die verandering van 'n privaat maatskappy na 'n publieke maatskappy;
- Deur die totale verkoop van die lede-belang of aandeelhouding in die besigheid;
- Deur die verkoop van die besigheid, maar behoud van die lede-belang en/of aandele in die maatskappy;
- Deur die uitgif van konsessieregte aan sekere verdere instansies.

Al die bovermelde sal waarskynlik, en behoort weer eens 'n deeglike skriftelike kontrak te behels tussen byvoorbeeld die maatskappy en die nuwe aandeelhouer/direkteur; die beslote korporasie en die nuwe lid; 'n nuwe vennoot; die algehele verkoop van die besigheid en die moontlike konsessieooreenkoms met verdere instansies. So 'n ooreenkoms moet deeglik en akkuraat opgestel word ten einde te verhoed dat die kleinsakeondernemer byvoorbeeld in 'n situasie beland waar die kleinsakeondernemer byvoorbeeld eienaarskap van sy besigheid afgee alvorens die koopprys deur die koper betaal is en dat die kleinsakeondernemer op daardie manier miskien sy besigheid verloor sonder dat hy die volle koopprys ontvang het. Weer eens, en soos deurentyd, is dit uiters belangrik dat die kleinsakeondernemer ook in hierdie fase ag slaan op die regsaspekte betrokke by die verkoop van die besigheid.

## HOOFSTUK 5

### 5.1 SLOTSOM

Die kleinsakeondernemer wat 'n onderneming vestig en bestuur moet, ten einde suksesvol te wees in die onderneming, 'n wye kennis hê van verskeie aspekte, soos reeds vermeld onder andere finansiële-, bemarkings-, strategiese beplanningskennis en basiese kennis van die makro en die mikro ekonomie. Ingesluit hierby is ook die basiese regs-kennis.

Uit die bovermelde hoofstukke blyk dit dat:

- die kleinsakeondernemer deeglike oorweging moet skenk aan die entiteit waaronder hy die onderneming wil bestuur, hetsy as alleeneienaar, as vennootskap, as beslote korporasie of maatskappy, elke entiteit met sy eie voordele en nadele maar met die slotsom dat dit gewoonlik tot die voordeel van die kleinsakeondernemer is om sy onderneming te bedryf onder die vaandel van 'n aparte regsentiteit synde óf 'n beslote korporasie óf 'n maatskappy;
- in die daaglikse bestuur van die onderneming dit ook belangrik is dat die ondernemer agslaan op die legio regsaspekte wanneer hy ooreenkomste sluit. 'n Iedere en 'n elke ooreenkoms wat die ondernemer moontlik kan sluit behels eie en unieke regsprobleme en oorwegings uit 'n regspunt. Ooreenkomste wat

gesluit word sonder inagneming van die regsgevolge en sonder inagneming van 'n behoorlike boekstaving van die bedoeling van die partye, lei gereeld daartoe dat die kleinsakeondernemer hom in regsdinge bevind ten einde te bepaal wat die aanvanklike bedoeling van die partye was. Dit is essensieel dat enige ooreenkoms met erns deur die kleinsakeondernemer bedag word en dat die kleinsakeondernemer professionele hulp inwin om hom te adviseer oor die moontlike gevare en die vereistes waaraan 'n iedere en 'n elke ooreenkoms moet voldoen;

- in die ontbinding van die kleinsakeonderneming dit ook belangrik is dat die kleinsakeondernemer agslaan op die verskillende wyses waarop 'n onderneming ontbind kan word aangesien elkeen van die verskillende vorme, verskillende gevolge dra. Wanneer die kleinsakeondernemer sy besigheid ontbind of verkoop in 'n oesfase na die suksesvolle bestuur van sy onderneming, is dit uiters belangrik vir die kleinsakeondernemer om seker te maak dat hy agslaan op die regsaspekte. Waar die kleinsakeondernemer byvoorbeeld sy onderneming verkoop, en daar nie 'n behoorlike ooreenkoms bestaan nie, kan dit die effek hê dat die ondernemer waar die koper van die besigheid nie aan die ooreenkoms voldoen nie deur, byvoorbeeld nie die koopprys volledig betaal nie, die ondernemer hom weereens in 'n lang en duur regsding kan bevind ten einde die aangeleentheid te finaliseer, dit op 'n stadium waar die kleinsakeondernemer waarskynlik nie meer 'n belangstelling by die besigheid wil hê nie, vir welke rede ookal byvoordeeld dat hy 'n nuwe onderneming begin het of dat hy afgetree het.

Die doelwit van hierdie studie was om sekere van die belangrike regsaspekte aan die kleinsakeondernemer uit te wys. Dit was uiteraard onmoontlik om vir doeleindes van hierdie studie, alle belangrike regs- en regsverwante aspekte aan te raak, maar die kleinsakeondernemer behoort met die inhoud van hierdie studie ten minste oor riglyne en 'n bewustheid te beskik van die relevante regsaspekte en die gevolge wat sekere regsoptrades vir hom kan inhou.

ooo O ooo



**BIBLIOGRAFIE**

1. Carland, J. & Carland, J. 1989. Small Business Management Tools for Success. Massachusetts : Wadsworth.
2. Cilliers, H.S., Benade, M.L., Henning, J.J., Du Plessis, J.J., 1993. Close Corporations : A Comprehensive Guide. Durban : Butterworths.
3. Cilliers, H.S., Benade, M.L., Henning, J.J., Du Plessis, J.J., Delpont, P.A., Fourie, J.S.A., De Koker, L. 1993. Entrepreneurial Law. Durban : Butterworths.
4. Coaker, J.F. & Schutz, W.P. 1975. Mercantile Law in South Africa. Johannesburg : Hortors
5. Dalton, R red. 1995. Juta's Statutes of South Africa. Cape Town : Juta
6. Dewar, K. 1991. A Guide to Employment Law. Durban : Butterworths
7. De Wet, J.C. & Van Wyk, A.T.L. 1978. Die Suid-Afrikaanse Kontrakereg en Handelsreg. Durban : Butterworths
8. Ferrel, O.C. & Hirt, G. 1993. Business A Changing World. Homewod : Richard D. Irwin Ing.
9. Fischer, D.S. red. Suid-Afrikaanse Hofverslae 1947 - 1997. Kaapstad : Juta
10. Hisrich, R.D. & Peters, M.P. 1995. Entrepreneurship, starting, developing and managing a new enterprise. Verenigde State van Amerika : Richard D. Irwin Ing.
11. Joubert, W.A. red. 1982 The Law of South Africa. Durban : Butterworths
12. Meskin, P.M. red. 1994 Henochsberg on the Companies Act. Durban : Butterworths
13. Naude, J.P. red. 1991. Butterworths Forms and Precedents Volume 5. Durban : Butterworths
14. Odendaal, F.F. red. 1984 Verklarende Woordeboek van die Afrikaanse Taal. Johannesburg : Perskor
15. Smith, C. 1989

The Law of Insolvency. Durban : Butterworths

16. Sykes, J.B. red. 1976  
The Consise Oxford Dictionary. Oxford : Oxford Press

### WETTE

1. Suid-Afrika (Republiek) 1960  
Wet op Besigheidsname, no. 27 van 1960. Pretoria : Staatskoerant
2. Suid-Afrika (Republiek) 1973  
Wet op Maatskappye, no. 61 van 1973. Pretoria : Staatskoerant
3. Suid-Afrika (Republiek) 1980  
Wet op Kredietooreenkmste, no. 75 van 1980. Pretoria : Staatskoerant
4. Suid-Afrika (Republiek) 1983  
Wet op Basiese Diensvoorwaardes, no. 3 van 1983. Pretoria : Staatskoerant
5. Suid-Afrika (Republiek) 1984  
Wet op Beslote Korporasies, no. 69 van 1984. Pretoria : Staatskoerant
6. Suid-Afrika (Republiek) 1991  
Wet op Besigheid, no. 71 van 1991. Pretoria : Staatskoerant

